# Afwyking, Agteruitgang, en Vooruitgang in ons Onderwys, 1652-1952.

Hoewel die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie hoofsaaklik 'n sake-onderneming was en die Kaap eintlik as verversingstasie gestig is, het die stigter self, Jan van Riebeeck, tog besonder waarde geheg aan die gees-

**DIE Afrikaner het volhard totdat vandag sy moedertaal vir sy skole die hoof- en voertaal geword het en sy Christelike godsdiens vrywel onbelemmerd op sy skole onderrig word. Maar sy hoogste ideaal het hy nog nie bereik nie.**

telike. Doelbewus wou hy die Christelike godsdiens in die Kaap deur middel van onderwys laat posvat en uitbrei onder die inboorlinge. Om die Kaapse heiden te kersten het hy begin met die stigting van 'n skool vir kleurlinge en slawekinders. Die wêreldlike onderrig het as enigste doel gehad die kerstening van die heiden. Die hoofinhoud van die skoolonderrig was die Christelike godsdiens, terwyl lees, skryf en reken eintlik maar net gedien het as middele om die doel te bereik. Die stigting van die eerste skool vir blanke kinders het ook maar as hoofdoel gehad die onderrig in die Christelike godsdiens. Dwarsdeur die tydperk van die regering van die N.O.I.K. was die hoofinhoud van die onderwys die godsdiens en het die onderrig in lees en skryf en selfs rekene net daartoe gedien. Die Christelike godsdiens wat Van Riebeeck in die skole laat onderwys het en wat tot 1795 oorheersend gebly het, was die Protestants-Gereformeerde godsdiens van die moederland. Die soort skool wat aan

**Deur J. CHR. COETZEE.**

die Kaap oorheersend was, was 'n Gereformeerde staatskool. Die Politieke Raad was die hoogste en laaste gesag oor die skool. Die Raad van Skolarge, waarop die owerheid en die kerk goed verteenwoordig

was, het meer adviserend as beherend opgetree, terwyl die kerk homself toegelê het op die toesig oor die leer en lewe van die onderwyser. Volgens ons moderne insigte is dit nie die prinsipieel-suiwere verhoudinge insake die skoolonderwys nie.

Die eerste verandering wat, na ons beskouing, beslis 'n agteruitgang was, het gekom met die oorname van die Kaap deur die Bataafse Republiek, 'n vrug van die Franse Rewolusie. Adv. J. de Mist, 'n seun van die rewolusie, het as kommissaris-generaal hierheen gekom. Een van sy eerste take was om die skool los te maak van kerk en godsdiens en om dit volslae te verwêreldlik en aan die staat te onderwerp. In die plek van die ou Gereformeerde staatskool het nou gekom 'n verwêreldlikte, neutrale, liberale staatskool. Met die koms van die Britse owerheid het 'n tweede, geweldige verandering ingetree: die skool is verengels. Die Christelik-nasionale grondslag is wat die Hollandssprekende Afrikaner betref, vernietig: De Mist het die Christelike en die Britte die nasionale- en gelyktydig daarmee ook die Christelike-bronaar afgesny. Al was die Britse owerheid in teenstelling met die Bataafse owerheid nog belydend Christelik, die Britse Christelikheid was eenvoudig deurweef met liberalisme en humanisme. Dit verbaas ons dan ook nie dat die Britse owerheid eers die Hollandse taal (in 1822) en daarna die godsdiens (in 1865) uit die openbare skool geweer het. Die afwyking van die skool van die N.O.I.K. was 'n volslae agteruitgang vir die Christen-Afrikaner.

Maar na 1834—met die Groot Trek—en veral na 1865 met die godsdienslose Kaapse skool, het die Afrikaner doelbewus om herstel geroep. Soos in Nederland waar 'n skoolstryd ontbrand het teen die neutrale openbare skool, onder Franse invloed ook ontkersten en gedenasionaliseer, het hier in Suid-Afrika 'n stryd om C.N.O. ontbrand. In die Transvaal en die Vrystaat het die Afrikaner tot 1899 daarin geslaag om 'n eie Christelik-nasionale skool te stig en in stand te hou, en in die Kaap het na 1865 onder di. W. P. de Villiers en S. J. du Toit en veral ds. G. W. A. van der Lingen die stryd om C.N.O. helder opgevlam. Na die vernietiging van die twee Boere-republieke het die stryd om C.N.O. weereens sterk geword omdat die Engelse owerheid die twee Republieke ook deur die skool wou verengels. Maar die Christelike Afrikaner het volhard, selfs na die oorgang van die C.N.O.-skole in 1906-7. Die openbare skole het weer in Kaapland (in 1886) en in die gewese Republiek (in 1907) nie alleen die Hollandse taal nie maar ook die Christelike godsdiens—wel sonder dogma—binne die skoolure geduld. Die Afrikaner het volhard totdat vandag sy moedertaal vir sy skole die hoof- en die voertaal geword het en sy Christelike godsdiens vrywel onbelemmerd op sy skole onderrig word.

Maar sy hoogste ideaal het hy nog nie bereik nie. Die gangbare skool is nog 'n staatskool, al is dit 'n moedertaalskool met (dogmalose) godsdiensonderrig. Wat die Christen-Afrikaner vir die opvoeding van sy kind verlang, is 'n staatsondersteunde skool waarin die ouer die gees en rigting, die owerheid die peil en die reg en die onderwyser die metode van die opvoeding bepaal, terwyl die kerk na sy beskouing moet toesien dat daar Christelike skole is, dat daar Christelike onderwysers is en dat alle Christelike kinders indien nodig gehelp moet word om op skool te kom. Maar ons het sinds 1652 ver gevorder: Ons het wel nie meer Gereformeerde staatskole nie, ons het wel nog nie C.N.-skole nie, ons het tog wel 'n openbare skool wat in sy wese nasionaal en in sy grond Christelik kan wees,—omdat ons nog die C.N.-onderwyser het!

Vanaf 1652 was daar 'n geleidelike vordering in die onderwysgeleenthede. Van die klein eerste skooltjie vir nie-blankes en die een later ook vir blankes het die onderwys met die ontwikkeling van die land geweldig uitgebrei. Die eerste groot baken is die stigting in 1714 van die eerste middelbare skole; die tweede is die instelling van 'n Raad van Skolarge; die derde die begin van sendingsonderwys onder eerw. G. Schmidt in 1737; die vierde is die idee van 'n inrigting vir die opleiding van onderwysers in die De Mist-skoolordes; die vyfde is die stigting van die eerste Onderwysdepartement onder die eerste Superintendent van Opvoeding in 1839; die sesde is die oprigting van die eerste Universiteit in Suid-Afrika in 1873 met sy doserende kolleges oor die hele Kaapland versprei.

Maar die eintlike vooruitgang wat onderwysgeriewe betref, het eers in die twintigste eeu gekom. Die laer onderwys is eers verpligtend en later skoolgeldvry gemaak. Middelbare onderwys is uitgebrei sodat al meer en meer kinders van die volk die voorregte daarvan kon geniet—meer skole is opgerig, maar verpligte bywoning van die aanvangsklasse daarvan het 'n geweldige stoot aan ons volksopvoeding gegee. In 1916 is drie universiteite in die lewe geroep: twee doserend en eksaminerend en een net eksaminerend. Teen 1951 het ons in Suid-Afrika nie minder as agt selfstandige universiteite en een eksaminerende universiteit nie. Nie alleen het ons kinders volle toegang tot middelbare en hoër onderwys van 'n algemene aard nie, dwarsdeur Suid-Afrika is daar besondere inrigtings—tegniese skole en kolleges, huishoudkunde- en handelskole en so meer. Selfs vir ons volwassenes word daar byna voldoende onderwysgeriewe verskaf. Die skole is in ons eeu een van die allerbeste volksondernemings.

Maar nie alleen die blankes nie, ook die nie-blankes geniet onderwysvoorregte. Van die klein sendingspogings van die 18de en 19de

eeue tot die groot staatsondernemings in 1951 het die onderwys aan nie-blankes gegroei. Daar is 'n bloeiende S. Afr. Naturellekollege op Fort Hare, daar is opleidingskolleges vir die onderwys- en ander beroepe dwarsdeur die land. Daar is laerskole oor die lengte en breedte van Suid-Afrika, en daar is middelbare skole op alle groot sentra.

Op onderwysgebied is daar in die Suid-Afrika van 1952 geweldige roering. Daar is in getalle, in geleenthede geweldige vooruitgang. Maar daar is vir gees en rigting van die skole teleurstellende afwyking en agteruitgang. Die teleurstelling lê vir die Christen-Afrikaner veral in die verlating van die Christelik-nasionale bodem. Die gees van de Mist en die gees van die Britse liberalisme woed nog ewe sterk voort. Die opkomende ongelowige wetenskap, soos dit beoefen word veral aan ons neutrale universiteite, skud ons Christelik-nasionale instellings tot in hul fondamente.

Daar is 'n groot roeping vir die gelowige Afrikaner en veral vir die gelowige Afrikaner-geleerde: Terug in ons kennis en wetenskap na die God van ons vadere!

En hierin het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 'n heilige roeping. Na 300 jaar het God dit so beskik dat daar minstens een Universiteit is wat op sy vaandel dra die heerlike belydenis „In U lig sien ons die lig" van die wetenskap.